# MIV en vigs en die onderwys 730 (AID 730)

| | |
|---|---|
| **Kwalifikasie** | Nagraads |
| **Fakulteit** | Fakulteit Opvoedkunde |
| **Modulekrediete** | 16.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |
| **Akademiese organisasie** | Vroeë Kinderonderwys |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Die doel met hierdie module is om studente in staat te stel om kennis, vaardighede en bekwaamhede binne die konteks van MIV en Vigs en die Onderwys te verwerf en om die komplekse opvoedingsuitdagings wat deur die impak van MIV en Vigs aan die onderwysstelsel, instansies en gemeenskappe gestel word, te kan hanteer. Die module fokus op aangeleenthede wat ‘n impak het op die kwaliteit van onderrig en leer insluitend kurrikulum-aangeleenthede; MIV en Vigs-opvoedingsteorieë; onderwyserrolle; MIV en Vigs-beleid en plan vir die ontwikkeling, implementering en bestuur van skole; voorkoming; psigososiale ondersteuning; sosio-opvoedige impak; sosio-kulturele impak; impakverligting.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.